G R O N D W E T

VAN DIE

EIERORGANISASIE

VAN DIE

SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING

MEI 2010

GRONDWET

VAN DIE EIERORGANISASIE
VAN DIE SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING

1. NAAM VAN DIE ORGANISASIE

Die Organisasie sal bekend staan as die **"EIERORGANISASIE VAN DIE SAPV"**.

2. OMSKRYWINGS

Regdeur die Grondwet en enige Huishoudelike Reglement wat opgestel mag word, sal woorde en sinsnedes die betekenisse hê wat hier gegee word:

2.1 **Organisasie**

Die Eierorganisasie van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

2.2 **SAPV**

Die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

2.3 **Bestuurskomitee**

Die Bestuurskomitee van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

2.4 **Komitee**

Die Komitee van die Eierorganisasie van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

2.5 **Lid**

'n Lid van goeie naam ooreenkomstig die Grondwet van die Eierorganisasie van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

2.6 **Kommersiële Eiers**

Dopeiers vir menslike gebruik.

2.7 **Eierprodusent**

'n Persoon of wetlike entiteit wat individueel of kollektief saam met ander, direk of indirek, 500 of meer kommersiële eierlêhenne aanhou, beheer of bestuur, of die primêre bemarking, beheer of bestuur van die eierproduksie afkomstig van 500 of meer kommersiële eierlêhenne.

2.8 **Sekretariaat**

Die Sekretariaat van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging

3. DOELSTELLINGS VAN DIE ORGANISASIE

Om ‘n organisasie in Suider-Afrika te stig en in stand te hou om die kommersiële eierbedryf te ontwikkel, te bevorder en te lei as ‘n onafhanklike filiaal van die SAPV, van gelyke status as die ander filiaal-vertakkings van die pluimveebedryf.

4. LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van die Organisasie sal bestaan uit:

4.1 Gewone Lede

Gewone Lede wat eierprodusente is en wie se lidmaatskap verband hou met die ekwivalente aantal kommersiële eierlêhenne soos in Klousule 2.7 hierbo veronderstel word, aanhou (waar die aantal lêhenne bereken word teen die netto eiers bemark, met ‘n veronderstelde 80% hen-dag produksie, wat beskou word as die gemiddelde lêpersentasie per lêhen per produsent, eiers wat ingekoop is van ander Eierorganisasielede buite rekening gelaat).

4.2 Lewenslange Erelede

Word deur die Algemene Jaarvergadering gekies op grond van gelewerde dienste. Daar mag op geen tyd meer as vyf (5) Lewenslange Erelede wees nie.

4.3 Geassosieerde Lede

Geassosieerde lede wat in die kommersiële pluimveebedryf betrokke is, maar nie kwalifiseer vir lidmaatskap van enige van die amptelike Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging filiale nie, sal slegs een stem dra en die minimum ledegeld betaal.

5. GOEDKEURING VAN LIDMAATSKAP

5.1 Aansoek om lidmaatskap, Lewenslange Erelidmaatskap uitgesluit, moet direk gerig word aan die Komitee.

5.2. Die ondertekening van ‘n lidmaatskapvorm sal ‘n bevestiging wees van instemming tot die Grondwet en regulasies van die Organisasie, insluitend die SAPV Bedryfskode en enige toekomstige wysigings daarvan.

5.3 Lewenslange Erelede kan slegs op Algemene Jaarvergaderings verkies word op grond van dienste gelewer, gegewens waarvan in die notule van die Algemene Jaarvergadering aangeteken moet word. Kennisgewing van ‘n mosie met betrekking tot die verkiesing van Lewenslange Erelede moet vier (4) weke voor die datum van die Algemene Jaarvergadering gegee word.

6. LEDEGELDE, FOOIE EN STEMKRAG

6.1 Stemkrag

6.1.1 Gewone Lede

Stemming deur Gewone Lede (Lewenslange Erelede en Geassosieerde Lede uitgesluit) sal tydens Algemene Jaarvergaderings geskied ooreenkomstig die bepalings van Klousule 8.8.

Indien ‘n persoon wat gewoonlik stemreg het as ‘n Gewone Lid nie die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Jaarvergadering kan bywoon nie, of indien die Gewone Lid dit sou verkies, sal hy/sy by magte wees om een of meer alternatiewe verteenwoordiger(s) van sodanige lid se organisasie aan te wys as plaasvervanger(s)

6.1.2 Lewenslange Erelede

Lewenslange Erelede (maksimum vyf) beskik elkeen oor een (1) stem by Algemene Jaarvergaderings en by verkiesings. Geen volmagstemme sal geld nie.

6.1.3 **Geassosieerde Lede**

Geassosieerde Lede sal oor een stem beskik.

6.1.4 Geen Gewone Lid van die Organisasie mag enige persoon nomineer vir verkiesing tot enige pos, of mag stem by enige verkiesing of Algemene Vergadering van die Organisasie, of mag enige ander voordeel van die Organisasie geniet nie, tensy sodanige lid ten tye van die nominasie en ten tye van die stemming oor volle lidmaatskapregte beskik nie.

6.2 **Stemprosedure by Algemene Jaarvergaderings**

6.2.1 **Lede**

Alle afgevaardigdes moet lede wees wat oor volle lidmaatskapregte van die Organisasie beskik. Stemme van Gewone Lede kan tydens Algemene Vergaderings individueel uitgebring word deur Gewone Lede werklik teenwoordig, of by wyse van ‘n volmag.

6.2.2 **Lewenslange Erelede**

Stemme deur Lewenslange Erelede sal tydens Algemene Vergaderings individueel deur Lewenslange Erelede uitgebring word wat werklik by die vergadering teenwoordig is.

6.3 **Ledegelde**

6.3.1 Ledegelde en ander gelde wat deur lede betaalbaar is sal van tyd tot tyd deur die Komitee opgelê word, onderhewig aan die goedkeuring van die SAPV Bestuurskomitee en Eierorganisasie Algemene Jaarvergadering.

6.3.2 Alle ledegelde is verskuldig en betaalbaar aan die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging ooreenkomstig die Grondwet.

6.3.3 Elke Gewone Lid sal aanspreeklik wees vir ledegeld in ooreenstemming met die totale aantal kommersiële eierlêhenne (of ekwivalente getal eiers hanteer) soos beskryf in 2.7 hierbo.

7. <u>ALGEMENE VERGADERINGS</u>

7.1 **Algemene Jaarvergadering**

7.1.1 'n Algemene Vergadering, genoem die Algemene Jaarvergadering van die Eierorganisasie van die SAPV sal jaarliks gehou word. Die vergadering sal gehou word op die tyd en plek soos vasgestel vir die SAPV-Kongres. Die Bestuurskomitee van die SAPV sal die datum vir die Kongres bepaal wat nie voor die eerste week in Maart gehou sal word nie.

7.1.2 Die werksaamhede van die Algemene Jaarvergadering sal die volgende wees:

a) Om die Verslag van die Voorsitter en die Staat van Inkomste en Uitgawes van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging vir die afgelope finansiële jaar te ontvang en te behandel.
b) Om sodanige sake as wat op die Sakelys verskyn te behandel.
c) Om algemene sake af te handel.

d) Om 'n maksimum van vyf (5) afgevaardigdes, bo en behalwe die vyf (5) wat deur die Komitee aangewys is, aan te wys om hierdie Organisasie op die jaarlikse SAPV-Kongres of op enige Spesiale Algemene Vergaderings van die SAPV te verteenwoordig. Nominasies vir afgevaardigdes na die SAPV-Kongres sal van die verteenwoordigers by die Eierorganisasie Algemene Vergadering aangevra word. Die genomineerdes moet in persoon die Jaarvergadering bywoon. Die maksimum stemme van die Eierorganisasie by SAPV-Kongres is tien (10).

7.1.3 Alle beskrywingspunte vir bespreking by die Algemene Jaarvergadering, behalwe wysigings aan die Grondwet soos per Klousule 13.1, moet die Sekretariaat bereik ten minste agt (8) weke voor die datum wat vir die Algemene Jaarvergadering vasgestel is. Die kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering en die sakelys moet aan lede gepos word nie later nie as vier (4) weke voor die datum wat vir die Algemene Jaarvergadering vasgestel is.

7.1.4 Die Komitee mag enige beskrywingspunt wat vir insluiting in die sakelys ingedien is, redigeer en indien nodig, na oorlegpleging met die oorspronklike voorsteller, sodanige beskrywingspunt wysig, met dien verstande dat sodanige wysiging nie die basiese betekenis van die oorspronklike beskrywingspunt mag verander nie.

7.1.5 Kennisgewing van die datum van die Algemene Jaarvergadering moet minstens sestien (16) weke voor die vergadering aan alle lede geskied.

7.1.6 Die Bestuurskomitee van die SAPV mag enige beskrywingspunt wat vir die Kongres van die SAPV voorgelê is, op die sakelys van die Algemene Jaarvergadering van hierdie Organisasie plaas.

7.2 **Spesiale Algemene Vergadering**

'n Spesiale Algemene Vergadering mag deur die Komitee onder die volgende omstandighede byeen geroep word :

7.2.1 Indien, na die mening van die Komitee, 'n Spesiale Algemene Vergadering nodig is om sake van dringende aard te bespreek, kan die Komitee sodanige vergadering byeenroep vir 'n datum nie minder as twee (2) weke na die datum van die versending van die kennisgewing van die vergadering nie.

7.2.2 ’n Spesiale Algemene Vergadering moet byeengeroep word op die geskrewe versoek van lede wat nie minder as dertig (30) persent van die totale stemkrag verteenwoordig nie vir ‘n datum binne ses (6) weke nadat sodanige versoek deur die Sekretariaat ontvang is. Die Komitee sal oorweeg of die rede vir sodanige versoek inderdaad ‘n nasionale aangeleentheid verteenwoordig en deur ‘n Spesiale Algemene Vergadering behandel moet word. Hierdie besluit sal binne twee (2) weke vanaf ontvangs van sodanige versoek deur die Sekretariaat gemaak word. Lede moet minstens vier (4) weke kennis per pos van sodanige vergadering gegee word. Die kennisgewing moet die rede waarom die vergadering belê is uiteensit en geen ander sake as waarvoor die vergadering byeengeroep is mag tydens sodanige vergadering bespreek word nie.

7.2.3 Die bepalings van hierdie Grondwet is van toepassing op alle Algemene Vergaderings.

7.3 **Voorsitter**

Die Voorsitter van die Komitee, en in sy afwesigheid die Ondervoorsitter, sal voorsitter wees by alle Algemene Vergaderings. In die afwesigheid van beide die Voorsitter en die Ondervoorsitter moet die vergadering 'n voorsitter aanwys om die sake van die vergadering af te handel.

7.4 **Kworum**

Vyftien (15) lede, ongeag aantal stemme of afgevaardigdes persoonlik teenwoordig en geregtig om te stem sal 'n kworum vorm vir die Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering deur die Komitee byeengeroep.

Indien geen kworum aanwesig is by 'n Spesiale Algemene Vergadering of Algemene Jaarvergadering wat deur die Komitee byeengeroep is nie, moet die vergadering vir een (1) uur verdaag waarna die afgevaardigdes wat teenwoordig is die kworum sal vorm.

8. **BESTUUR**

8.1 **Komitee**

8.8.1 Die Komitee sal uit die volgende dertien (13) lede bestaan waaruit ‘n Voorsitter en Ondervoorsitter aangewys word:

Ses algemene verkose lede
Een kontrakprodusent verteenwoordiger
Een klein produsent verteenwoordiger met ‘n lêhengetal van minder as 20 000
Vyf streeksverteenwoordigers

8.1.2 Slegs opbetaalde lede kan genomineer word om in die Komitees te dien.

8.1.3 Indien ‘n maatskappywerknemer wat op die Komitee dien die maatskappy se diens verlaat, hou hy op om lid te wees.

8.1.4 Nie-lede van die SAPV wat egter lede of ‘n werknemer van ‘n maatskappy, eierkoöperasie, gesamentlike eierbemarkingskema of belangegroep is, wat lidmaatskap van die SAPV verkry het, mag genomineer en verkies word as lede van die Komitee.

8.2 **Uitvoerende Komitee**

’n Uitvoerende Komitee sal deur die Komitee uit sy lede aangewys word en sal bestaan uit die Voorsitter, Ondervoorsitter en een lid.

Die Uitvoerende Komitee sal die bevoegdheid hê om verdere lede van die Komitee met volle regte van lidmaatskap te koöpteer asook persone in ‘n adviserende hoedanigheid, soos en wanneer nodig.

8.3 **Voorsitter en Komitee**

8.3.1 Die volle Komitee van twaalf (13) moet op sy eerste vergadering na afloop van die Algemene Jaarvergadering uit sy lede 'n Voorsitter en Ondervoorsitter aanwys. Die Ondervoorsitter sal in die afwesigheid van die Voorsitter al die regte en voorregte uitoefen soos in hierdie Grondwet bepaal.

8.3.2 Die Voorsitter sal by alle vergaderings van die Komitee en Uitvoerende Komitee

voorsit. Hy sal benewens ‘n beslissende stem, ook stemreg hê.

8.4 Enige lid van die Komitee wat sonder goeie rede in gebreke bly om twee agtereenvolgende komiteevergaderings by te woon, sal beskou word as om uit die Komitee te bedank het.

8.5 Die Komitee en Uitvoerende Komitee sal vergader, wanneer nodig, op diskresie van die Voorsitter, of wanneer ten minste drie Komiteelede ‘n vergadering aanvra.

8.6 Alle lede van die Komitee en sy Uitvoerende Komitee en sub-komitees wat behoorlik deur die Komitee gemagtig is, is geregtig op reiskoste en redelike uitgawes wanneer hulle vergaderings van hierdie Komitees bywoon.

8.7 Die kworum vir alle vergaderings van die Komitee, Uitvoerende Komitee en sub-komitees sal die lede wees wat teenwoordig is.

8.8 **Stemreg en ledegeld**

8.8.1 Die aantal eiers wat bemark word en omgeskakel word na ekwivalente eierlêhengetalle, soos bedoel in Klousule 2.7, sal in afnemende verhouding die omvang van ‘n lid se stemkrag en ledegeld bepaal. Stem- en lidmaatskapkategorieë sal deur ‘n glyskaal bepaal word, soos tydens elke Algemene Jaarvergadering goedgekeur ten opsigte van die tydperk van twaalf (12) maande, beginnende op 1 Januarie van daardie jaar. Netto eierverkope vir die twaalf (12) maande wat op 30 September van die vorige jaar ten einde loop, sal as ‘n lid se verkoopsvolume beskou word. Die Komitee sal in hierdie verband toesien dat ‘n gepaste aanbeveling in die kennisgewing van elke Algemene Jaarvergadering gemaak word, gebaseer op volopbetaalde ledegelde van die vorige jaar (soos aan die einde van die derde kwartaal van die vorige jaar) met inagneming van die Eierorganisasie se begrotingsbehoeftes vir die nuwe jaar. Hierdie stemkrag en ledegeld per eierlêhen per kategorie sal vir die volle betrokke jaar geld.

8.8.2 Stemming deur middel van ‘n volmag sal tydens Algemene Vergaderings onder die volgende voorwaardes toegelaat word:

a) Slegs ‘n amptelike volmagvorm mag gebruik word, uitgereik deur die Sekretariaat, of ingesluit in die kennisgewingdokumente van die Algemene Vergadering, wat ‘n aanduiding bevat van die betrokke stemkrag en wie die betrokke lid se stemdraer is.

b) Die amptelike volmagvorm moet deur die lid onderteken word waardeur die stand van sy/haar lidmaatskap bevestig word en ingedien wees by die Sekretariaat om ‘n week voor die Algemene Vergadering geregistreer te wees vir insluiting in die stemlys.

8.9 **Verkiesingsprosedure**

8.9.1 Komiteelede sal vir termyne van drie (3) jaar dien, onderhewig daaraan dat jaarliks een derde van die Komiteelede wat onafgebroke die langste tydperk op die Komitee gedien het, sal uittree, maar beskikbaar sal wees vir herverkiesing indien hulle daartoe sou instem. Die uittredende lede sal bepaal word tydens die eerste komiteevergadering van elke jaar, wat die Algemene Jaarvergadering voorafgaan. Sodanige vakatures sal gevul word deur genomineerde lede wat tydens die Algemene Jaarvergadering verkies word.

8.9.2 Die Sekretariaat sal minstens ses (6) weke voor die datum van die Algemene Jaarvergadering ‘n nominasievorm aan elke lid stuur. Sodanige vorm sal die name van die uittredende Komiteelede bevat asook welke lede vir herverkiesing beskikbaar is. Die vorm sal lede versoek om ‘n nominasie(s) in te dien. Die nominasievorm moet na

behore geteken word deur die lid wat die nominasie(s) gemaak het.

Nominasievorms moet die Sekretariaat minstens vier (4) weke voor die Algemene Jaarvergadering bereik. Nominasievorms kan aan die Sekretariaat per faks gestuur word.

8.9.3 Voorstellers moet, alvorens ‘n nominasie ingedien word, hulle daarvan vergewis dat die voorgestelde genomineerde, indien hy/sy verkies sou word, beskikbaar sal wees om op die Komitee te dien en dit dienooreenkomstig op die nominasievorm aandui. By gebreke van sodanige skakeling met die voorgestelde genomineerde sal die Sekretariaat verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Slegs die name van lede van wie bevestiging ontvang is, sal vir verkiesing voorgehou word.

8.9.4 Indien die aantal genomineerde kandidate die aantal vakatures op die Komitee oorskry, sal sodanige lede by wyse van ‘n stemming verkies word vir welke doel daar van 'n amptelike stembrief gebruik gemaak sal word wat sal voldoen aan die vereistes soos in Klousule 8.8 hierbo gestel.

8.9.5 Lede mag gevolglik nie vir meer kandidate as die aantal vakatures stem nie, by gebreke waarvan so ‘n stembrief as bedorwe beskou sal word.

8.9.6 Stemme sal onmiddellik na afloop van die verkiesing getel word. Die kandidate wat die hoogste aantal stemme op hulle verenig het, sal as verkose beskou word. Die name van die verkose lede sal voor die verdaging van die Algemene Jaarvergadering bekend gemaak word.

8.9.7 ‘n Toevallige vakature op die Komitee sal deur die oorblywende Komiteelede aangevul word wat die reg sal hê om ‘n lid tot die volgende Algemene Jaarvergadering aan te wys.

8.10 **Magte**

Die Komitee sal die mag hê om:

8.10.1 Uitvoering te gee aan al die besluite wat op die Algemene Jaarvergadering en Spesiale Algemene Vergaderings geneem is.

8.10.2 Beskrywingspunte op te stel en voor te lê aan die Kongres van die SAPV en sy eie Algemene Jaarvergadering.

8.10.3 'n Maksimum van vyf (5) afgevaardigdes en hul sekundus aan te stel om die Organisasie op die SAPV-Kongres te verteenwoordig en om vas te stel in watter mate dit kan bydra tot hul onkostes. Hierdie aanstellings moet gemaak word nie later nie as agt (8) weke voor die aanvangsdatum van die SAPV-Kongres.

8.10.4 Die benoeming van twee (2) verteenwoordigers om op die Bestuurskomitee van die SAPV te dien. Hierdie twee (2) verteenwoordigers sal vanuit die Komitee benoem word. Die Komitee sal ook plaasvervangers aanwys indien een van die oorspronklike benoemde lede tot Voorsitter van die Bestuurskomitee verkies word.

8.10.5 'n Uitvoerende Komitee (soos voorsien in Klousule 8.2) en sub-komitees aanstel om met elke vertakking van die bedryf of enige besondere taak van die Komitee te handel, enige van die doelstellings van die Organisasie uit te voer of ondersoek in te stel rakende enige sake wat op die Organisasie betrekking het.

8.10.6 Ander persone op die Komitee te koöpteer om slegs in ‘n adviserende hoedanigheid te dien.”

8.10.7 Op te tree en te besluit oor enige saak wat tussen Algemene Vergaderings voorkom, welke optredes of besluite nie strydig mag wees met enige besluit van 'n Algemene Vergadering nie.

8.10.8 By die SAPV se Bestuurskomitee aansoek te doen vir en fondse toe te ken vir die bevordering van die Organisasie se doelstellings, funksies en werksaamhede.

8.10.9 Enige lid te diskwalifiseer, tug uit te oefen of lidmaatskap te beëindig vir oortredings van die Grondwet of Reëls, of wie se optrede volgens die oordeel van die Komitee skadelik of nadelig vir die belang van die Organisasie en sy lede was.

8.10.10 As arbiter in enige geskil tussen lede op te tree.

8.10.11 Die name en adresse van lede van die Organisasie mag nie aan enige persoon vir watter doel ookal openbaar gemaak word nie, behalwe op spesiale goedkeuring van die Komitee.

9. FINANSIES

9.1 Alle ledegelde en alle ander inkomste wat lede ooreenkomstig hierdie Grondwet moet betaal, moet regstreeks aan die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging betaal word, en die Vereniging sal alle administratiewe koste van die Eierorganisasie van die SAPV dra. Die Bestuurskomitee van die SAPV sal van tyd tot tyd bedrae uit die algemene fondse van die Vereniging toeken wat bestee mag word deur die Eierorganisasie van die SAPV.

9.2 Die Sekretariaat moet 'n boekhoustelsel hou wat 'n behoorlike en korrekte oorsig bied van die bedrae toegeken aan die Organisasie en van die besteding daarvan.

10. DIE SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING

10.1 Hierdie Organisasie sal 'n filiaal van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging wees met volle selfbeskikkingsreg betreffende sake rakende sy besondere belange maar onderworpe aan die bevoegdhede van die Bestuurskomitee van die SAPV soos in die Grondwet van die SAPV beskrywe. Die Kongres van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging is en word erken as die oppergesag oor al die filiale en lede van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

10.2 Die Grondwet van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging word geag om deel te wees van en moet saamgelees word saam met hierdie Grondwet, en geen persoon wat onder die jurisdiksie van die Organisasie, sal vrygestel wees van die verantwoordelikheid van enige oortreding daarvan op grond van 'n pleidooi van onkunde nie.

10.3 Die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging sal die Sekretariaat van die Organisasie wees.

11. AMPTELIKE ORGAAN

Die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging se Pluimvee Bulletin, wat deur die Vereniging besit en gepubliseer word, sal die amptelike orgaan van die Organisasie wees asook enige ander publikasie wat as amptelike organe deur die Bestuurskomitee van die SAPV erken word.

12. TAAL

Engels en Afrikaans sal die amptelike tale van die Organisasie wees.

13. **GRONDWETWYSIGINGS**

13.1 Geen verandering mag aan die Grondwet gemaak word nie, behalwe in gevalle waar die verandering goedgekeur word deur 'n twee-derde meerderheid van die stemme verteenwoordig op 'n Algemene Jaarvergadering ten tye van die stemming. Alle kennisgewings van wysigingsmosies moet nie later nie as twaalf (12) weke voor die datum van die Algemene Jaarvergadering by die Sekretariaat ingedien word.

13.2 Enige wysigings aan die Grondwet sal aan die Kommissaris van Binnelandse Inkomste voorgelê word.

14. **GRONDWETVERTOLKING**

14.1 In geval van verskil of twyfel betreffende die betekenis of toepassing van hierdie Grondwet, sal die vertolking van die Komitee bindend wees vir lede tot die volgende Algemene Jaarvergadering.

14.2 In gevalle van verskil of twyfel sal die Engelse teks van die Grondwet as die amptelike Grondwet beskou word.

15. **REGSAANGELEENTHEDE**

15.1 Die Bestuurskomitee van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging sal die Organisasie in regsaangeleenthede verteenwoordig en sal die bevoegdheid hê om regsstappe in te stel en te verdedig deur of teen die Organisasie. Regsdokumente moet geteken word deur die Voorsitter van die Bestuurskomitee en die Hoof Uitvoerende Beampte van die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging in ooreenstemming met besluite deur die Komitee of Uitvoerende Komitee geneem en deur die Bestuurskomitee bekragtig.

15.2 Lede van die Komitee, of die Uitvoerende Komitee, of enige Spesiale Komitee, sal nie in persoonlike hoedanigheid enige verantwoordelikheid van welke aard ook al aan enige persoon of liggaam dra by die uitvoering van hulle pligte nie en sal skadeloos gestel word deur die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging.

15.3 Die Organisasie ag homself op generlei wyse verantwoordelik vir die laste wat deur enige lid opgeloop is nie.

16. **OPHEFFING VAN REGTE**

Elke lid van die Organisasie sal geag word om alle regte teen die Organisasie prys te gegee het vir enige skade wat voortvloei uit die toepassing of deur uitvoering van die Grondwet en Reëls.

17. **ONTBINDING EN VERDELING VAN WINSTE OF VOORDELE**

17.1 Die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging sal die fondse alleenlik vir beleggings of ondersteuning van die doelwitte van die Vereniging aanwend en geen deel van die winste of voordele sal aan enige persoon uitgekeer word nie.

17.2 Indien daar, by die ontbinding van die Vereniging, en nadat al die laste afgelos is, enige eiendom van watter aard ook al oorbly, sal genoemde bates nie betaal of verdeel word onder die lede van die Vereniging nie, maar sal dit gegee of oorgedra word aan 'n ander instelling of instellings met soortgelyke doelwitte as die van die Vereniging, soos bepaal deur die lede van die Vereniging voor of ten tyde van die ontbinding.

18. **WINSMAKENDE BEDRYWIGHEDE**

Die Suider-Afrikaanse Pluimveevereniging sal nie enige handels- of winsmakende bedrywighede beoefen nie; ook sal dit nie deelneem in enige besigheid, professie of beroep wat bedryf of beoefen word deur enige van sy lede nie; ook sal dit nie finansiële bystand, persele of voortgesette dienste of geriewe wat deur sy lede vereis word vir die bedryf van enige besigheid, professie of beroep, aan enige van sy lede beskikbaar stel nie.